

Hoe moet ek die Drie-eenheid verstaan?

Hoe moet ek die Drie-eenheid verstaan? – Kobus Kok

Yvonne vra:

Ek wil net weet of dit moonlik is om te verduidelik hoe die Drie eenheid van God verstaan moet word of hoe dit werk.


Antwoord

Prof Kobus Kok antwoord:

Dit is interessant dat die woord “Drie-eenheid” geensins in die Bybel voorkom nie! Die konsep daarvan kom egter duidelik na vore in die Nuwe Testament. In die vroeë kerk, het Teofilus van Antiogië (180 nC) teen die agtergrond van die vrae van sy tyd die verhouding tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees as ‘n drie-ledige (trias) eenheid beskryf. Rondom dieselfde tyd het Tertullianus (155–222 nC) deur middel van die Latynse woord “trinitas” die verhouding tussen die Vader, Seun en Heilige Gees verduidelik, wat wesenlik dieselfde is, maar uit drie verskillende persone bestaan.

In die jare nadat die groot Romeinse Keiser Konstantyn in die vierde eeu n.C. tot bekering gekom het en die Christendom die amptelike religie van die Romeinse Ryk gemaak het, het hy gepoog om die ganse kerk te verenig. In die proses moes ‘n belydenis formuleer word wat eenvormig is in die ganse Romeinse ryk en daar moes besluit word watter geskifte gesaghebbend sou wees vir die ganse Christendom. Die vergaderings het onderskeidelik in Nicea (325 nC) en Konstantinopel (381 nC) plaasgevind. Dit was ook hier waar daar besluit is watter Bybelboeke die amptelike kanon van die Nuwe Testament sou wees. Daar is verder ook ‘n belydenis geformuleer na jare se gebed en nadenke – waarin die drie-

eenheid en die beskrywing en formulering daarvan ook geformuleer is.



Uit my Sondagskool dae onthou ek hoe 'n Sondagskoolonderwyser die drie-eenheid verduidelik het aan die hand van 'n appel wat bestaan uit 'n skil, die vleis van die appel en die stronk. Die drie verskillende dele is almal appel, maar het verskillende funksies en gestaltes. Net so verwys die drie-eenheid na één God, maar drie persone. In hierdie drie-eenheid is God die Vader egter die Een wat die ganse wêreld geskep het en wat Sy Seun gestuur het (Joh 1:1-18; 3:16). Daar is dus duidelik 'n Vader, die primêre subjek wat alles begin het en wat in beheer van die ganse geskiedenis is. Kyk gerus hoe Johannes dit verduidelik. Hy verduidelik dat God die een is wat besluit het om uit Sy groot liefde sy enigste Seun te stuur (Joh 3:16; 20:30-31). Die Seun doen dan op aarde alles wat die Vader vir hom sê om te doen. In Johannes 5:19-20, volgens die nuwe Afrikaanse vertaling, lees ons: *"Dit verseker Ek julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so."*²⁰ Die Vader het die Seun lief en wys Hom alles wat Hy doen." Hiervolgens is dit tog duidelik dat God die Vader die leidende figuur is, en dat diegene wat Jesus sien, ook vir God die Vader sien. In die antieke tyd het dit dan ook so gewerk dat van 'n goeie Seun gesê kan word dat die appel nie ver van die boom af val nie – 'n goeie seun het opgetree op so 'n wyse dat dit die vader sou eer. Net so is Jesus die verteenwoordiger van God, die Seun van God die Koninklike Vader en moet mense hom eer soos hulle die Vader eer. Na die opstanding van Jesus, lees ons by Paulus in

Filippense 2:5-11 dat Jesus deur God tot die hoogste eer verhef is en dat elke knie daarna sou moet buig en erken dat Jesus Here is. Weereens sien ons dat die verheffing van Jesus deur God as Vader gedoen word. God die Vader is die primêre handelende subjek en Skepper van die heelal.

In die Ou Testament lees ons duidelik dat daar net een God is (Deut 6:4) en Israel se geloof kan as monoteïsties (een God) beskryf word. Die monoteïsme van Israel het radikaal verskil van die panteïsme (baie gode) van die antieke kulture wat in die tyd van Israel bestaan het. Wanneer ons in die OT lees van die Gees, verwys dit in die ongeveer 135 keer wat die woord voorkom na God se Gees (vgl. Bv Gen 1:2, Rigters 14:6, Ps 51:13).

In die tyd van die NT het die Grieke en die Romeine ook in vele gode geglo. Selfs Keiser Augustus, wat in die tyd van Jesus geleef het, is as Seun van God en hoëpriester beskryf. Daar is tot vandag toe nog in Efese 'n reuse pilaar waarin hierdie woorde uitgekerf is uit klip. Hierteenoor het die NT gelowiges dit duidelik gestel dat God en sy Seun die ware en enigste lewende God is, en nie die Keiser of die veelgodedom van die antieke heidense gelowe nie. In 1 Tessalonisense, die eerste brief wat Paulus geskryf het teen ongeveer 50 n.C. lees ons in 1 Tes 1:9 die volgende: *“Die mense vertel self hoe julle ons ontvang het en hoe julle julle van die afgode tot God bekeer het en nou die lewende en ware God dien ¹⁰ en dat julle sy Seun wat Hy uit die dood opgewek het, uit die hemel verwag, Jesus deur wie ons gered word van die oordeel wat kom”*. In die NT is dit duidelik dat die Christene anders as die heidene om hulle geglo het aan God en 'n sterk verband gesien het tussen God die Vader, Seun en Heilige Gees (lees gerus 1 Kor 12:4–6 en Ef 4:4–6). Dit is duidelik dat die vroeë kerk, alreeds teen 70 n.C. eksplisiet die verband trek tussen die drie-eenheid, soos ons in Matteus 28:18-19 lees:” *“¹⁸Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in*

die hemel en op die aarde. ¹⁹Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en ²⁰leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” In Matteus 28:18 sien ons duidelik dat Jesus sê “Alle mag is aan my gegee”. Wie het die mag aan hom gegee? Wel, dit is niemand anders nie as God die Vader. Dit sien ons ook in Filippense 2:5-11 se nuwe Afrikaanse vertaling: “⁵Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: ⁶Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, ⁷maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van ’n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, ⁸het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. ⁹Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, ¹⁰sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, ¹¹en elke tong sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader.”

Hiervolgens is dit duidelik dat Jesus se goddelikheid gekoppel word aan die feit dat God die Vader die een is wat die mag aan hom gegee het. Dit is soos ’n koning wat sy Seun die koning maak. In Matteus 24:36 lees ons dat nie eers die Seun weet wanneer die wederkoms gaan plaasvind nie. Die beeld wat hier gebruik word is die een van ’n Koning op sy troon en sy dienaars rondom hom (engele, ens). Die Seun sit ook op die troon, maar uiteindelik is God die Vader die groot Koning wat die finale besluit het en die Groot Heerser is. Die drie persone van die drie-eenheid kan van mekaar onderskei word, maar kan egter nie van mekaar geskei word nie. In Johannes se

evangelie lees ons dat Jesus, net voor hy sou sterf en teruggaan na sy Vader, vir die gelowiges troos deur vir hulle die goeie nuus te gee dat die Gees (parakletos-trooster) na sy hemelvaart gestuur sal word. God se Gees sal dus met hulle wees en hulle elke dag herinner aan die waarheid en die woorde wat Jesus gespreek het, woorde wat uit die troonkamer van God hul oorsprong het (lees Joh 4:24; 6:36; 7:39; 14:15-31, veral 14:16-17; 16:5-15).

Skrywer: [Prof Kobus Kok](#)